**Van Opsit**

Nog ‘n ding waar die platteland my as kind baie anders opgeval het as in die stad, was die hele opsit gedoente. Opsit. Gaan vlerksleep. Loop vry….

Ek dink dit was Wille Oskar wat opgemerk het dat die mees indrukwekkende aspek van die Amerikaners was die ouers se onbuigsame gehoorsaamheid aan hul kinders. Dis soos ek die stad onthou.

In die stad het opsit en meisies uitneem heelwat anders as in die platteland gewerk. In die stad was dit niks snaaks om te hoor dat ouens sommer vir die niggie toeter druk, sonder om eers uit die kar te klim, of voordeur toe te kom om te kom groet nie. In die platteland sou daai mannewales interessante nagevolge gehad het. Mannelwales van redelike intense, maar korte duur.

Op die platteland van my prulle jeug het jy – as jy ‘n niggie wou uitneem – enersyds vir jou oordentlik aangetrek. Dan het jy – as ‘n absolute minimum - voordeur toe gestap, geklop, en die huismense gaan groet. In die daaropvolgende uitruil van idees, uitvra na almal se gesondheid, en dergelike – wat die Ingilse ‘pleasantries’ sou noem, het jy ook – weer as ‘n absolute minimum – jou voorgenome planne, (wel, hier is daar soms – toegegee - ekonomies met die waarheid omgegaan) plek van die voorgenome planne, vertrek- en aankomstye, en ander tersaaklike detail baie mooi vir die huismense verduidelik. Dan het jy ook ondubbelsinnig gevra of jou planne, reisplanne, voorgenome roete (soontoe en terug), aankoms- en terugbesorg tye gemalik met het huismense se piëteitsgevoelenthede omgaan.

Tydens hierdie delikate stadium was dit ook dan as ‘n reel glad nie ‘n slegte idee om – so in die uitruil van die ‘pleasantries’ - ook melding te maak van laas Sondag se begeesterde preek, en die huis-tannie se mooi rok tydens nagmaal nie. Veral

nie as jou en die hubare niggie se *verklaarde* planne voor die huiskommittee, en *eintlike* voorgenome planne effense afwykings … en 'discrepancies' sou toon nie.

Die spreekwoordelike 'bottom line' (pun intended) was dit: Op die platteland moes jy jou voetwerk en aanvoer werk mooi doen, want 'n veto van die huismense – veral afkomstig vanaf die OOM, sou enige vriendskaplike en amoreuse vooruitsigte net daar laat sneuwel het. Sonder debat. Dis al deur maters opgemerk dat baie ouens baie harder na hul skoonmense moes vry as na die eintlike objek van hul aardse begeertes van die swakke vlees. As die OOM of TANNIE hul voet dwars neergesit het, was dit verby met Kees.

So vertel my oom Piet van 'n kennis van hulle wie by 'n niggie van die kontrei gaan opsit het. Ek verstaan dit was êrens in die Klein Karoo, op 'n allermintige plaas.

Die kêrel was ook afkomstig van die uitgebreide kontrei, en het toe ten tye van die opsit ritueel in die myne aan die Rand gewerk. In die 1940's en 1950's was dit nogaal 'n prestasie om formele werk te kon hê as 'n Afrikaner – die Ingilse was redelik toe-handjie met geleenthede vir die Boere. In sommige se gemoedere was daar steeds herinneringe van kollektiewe tjanke wat deftig afgetrap was – Colenso, Spioenkop, Magersfontein… Menige bleekgesig Ingilsman het gedagtig daaraan maar redelik konserwatief met geleenthede vir ons nasietjie omgegaan.

Nou of die betrokke opsit behoeftige jonge heer 'n regtige vername pos, of net 'n posby wyse van spreuke by die myne gehad het, was totaal irrelevant. Dit was bemarking in sy suiwerste vorm. Wat wel belangrik was, was om die OOM en TANNIE van die vernaamdheid van sy pos ingelig te hou, dan van die blink toekoms wat wink in mynwese, en om dan liewerlei die indruk te skep dat die

pos van so aard was dat daar eendag goed vir een of ander verkose niggie gesorg sal kan word.

Nou bogenoemde was heelwat makliker gesê as gedoen. Dit het nougesette toewyding geverg, en ure en ure se interaksie met mense anders as die verkose niggie. Vermoedelik erg frustrerend so, maar as daardie aspek net ligtelik afgeskeep sou word, kon enige aspirant Cassanova maar elders gaan weivelde en 'n gemoedelikheidjie loop soek.

Oom Piet vertel toe van een so insident wat toe redelik onvoorsiene gevolge gehad het.

Cassanova (aspirant) en die OOM staan toe een middag net voor die voorhuis, toe die OOM vir Cassanova (aspirant) in sy vertroue neem , en bieg dat die reuse akkerboom voor die voorstoep vir hom 'n bron van kommer geraak het. 'n Steen des aanstoots.

Die boom, wat toe al openlik met Metusalem wedywer, het so siekte ontwikkel wat die stam se binnekant stadigaan laat verrot het. Ek het dit later jare in die Paarl ook gesien – die munisipaliteit het daai tyd sement in die hol boomstamme ingegiet, om te keer dat die bome nie knak, en een of ander voetganger of motoris gelyk maak met die sypaadjie nie. Dit was net 'n tydelike oplossing – met tyd het die siekte net vererger tot die bome afgesaag moes word.

In ieder geval -so staan en bepeins die OOM en Cassanova (aspirant) toe die een gewraakte middag die boom, en gedagtig daaraan dat die boom baie na aan die vorhuis gestaan het, kon enige mens die OOM se kommer insien en deel. Die uitdaging was dat die boom in alle opsigte massief was, en dat dit nie sommer net vir afsaag was nie.

En toe doen daar toe so *carpe diem* geleentheid himself voor vir Cassanova (aspirant) om iets merkwaardig te doen, wat hopenlik sy tot-op-hede aspirant status so hupstootjie in die rigting van die niggie sou gee… Die hoop beskaam mos nie.

Net daar deel Cassanova (aspirant) die OOM toe mee dat hy eintlik heel behendig met dinamiet in die myne is , en ook in besit is van die gesogde 'blasting ticket' – die amptelike (OFFICIAL) laaisens om dinamiet skietwerk in die myne te doen. Na 'n oomblik se stilte (vir effek) stel hy toe voor dat hy met sy volgende besoek dinamiet sou saambring, om die ou boompie sommer met 'n ligte 'skootjie' uit die grond te lig, en so te laat val dat die werkers hom agterna net kan gaan opsaag vir winter kaggelhout.

Die voorstel was op minstens drie vlakke briljant: Enersyds was 'n volgende besoek net daar by implikasie 'n uitgemaakte saak. Andersyds het die OPLOS van gewigtige sake punte by enige OOM aangeteken, en laastens is die OOM se sin van avontuur ook sodanig geprikkel dat hy toe net daar en dan instem op die blink plan. Soveel so dat die OOM toe die aand aan tafel die aanvoer werk doen, en die TANNIE van die gawe jonge man se voorstel inlig – tot niggie se aansienlike jubel en vreugde, want op daardie stadium het die wedersydse swakhede van die vlees redelike ooreenkomste met die verskuiwing van tektoniese plate begin toon.

Nou op hierdie punt is dit dalk geleë om te noem dat Cassanova (aspirant) se pos op die myn nie naastenby van so aard was dat enige regdenkende siel hom naby enige springstof – of selfs 'n tonteldoos sou toelaat nie. Daai gedeelte was, soos vermeld, suiwer bemarking.

Maar soos roemryke glorie, en helde-verering in die wyer Klein Karoo gemeenskap se oë gewink het, en geestesbeelde van 'n besonders persoonlike

aard saam met Niggie - wie seerseerlik na so kragdadige magsvertoon sy lof tot in lengte van dae sou besing, het Cassanova se hele bestaan gewentel om die … uhm, wel… bevrydig…., van myn dinamiet. Die tipe waarvan baie klein hoeveelhede, besonders groot hoeveelhede rotse verbrokkel en verpoeier…

So wil die storie dit toe hê dat Cassanova se volgende besoek aan die plaas 'n ekstra stukke bagasie ingesluit het – 'n blik skoftassie, met verskeie kerse myn dinamiet in… En lont.

Cassanova (aspirant) het blykbaar in die weke wat die besoek voorafgegaan het redelik nougeset opgelet hoe die 'basters' die dinamiet voorberei, plaas, aansteek, en dan soos rotte hol voordat tonne rots van posisie en vorm verander. Daai gedeelte het hy deur nougesette oplettenheid goed geken. Waar sy kennis effe tekort geskied het was enersyds hoeveel dinamiet vir watter effek nodig was, en andersyds hoe mens die beweging van die opgeblaasde voorwerp manipuleer. Mens kan sien dat dit in nabetragting belangrik kon wees, maar toe roemryke glorie helder wink, kon mens sien dat dit in die spreekwoordelike hitte van die oomblik effe onbenullig kon wees…

Nouja, so het Casanova (aspirant) toe met redelike 'showmanship' die dinamiet voorberei, lont aangesit, gewonder hoeveel nodig is vir die gewensde effek, en toe in 'n oomblik van jeugdelike voorvarentheid besluit – AL die dinamiet is nodig.

Al 10 kerse.

Hoekom met EEN kers begin, net om dan dalk soos 'n gek, of – behoede ons – 'n moffie te lyk, en net 'n geraas te veroorsaak terwyl ons vriend die boom nog ferm aan moeder aarde klou…

NEE. AL die kerse moes ingespan word.

So maak hulle toe al die kerse met baal tou aanmekaar vas, koppel die lont, steek aan – en toe…

Toe hol hulle. Klipkraal toe. So 200 tree daarvandaan.

So far, so good.

Van agter die klipkraal muur kon hulle mooi sien hoe die lont stadig oor die gras nader kruip en op teen die boomstam waar binne sy hol stam 10 kerse industriële myn dinamiet lê en wag om te doen wat dinamiet besonders goed doen.

Baie kort daarna kon hulle vanuit hulle uitkyk punt ook sien hoe die vark sog met 12 klein varkies om die hoek van die huis gestap kom, en hulle behaaglik teen die stam gaan staan en skuur.

Dis toe min of meer daar waar die pandemonium begin.

Dit was weens die afstand nie ‘n opsie om die 200 tree te hol, die varke te verjaag, en weer terug te hol klipkraal toe nie. Die lont was reeds al amper in die holte ingebrand waar 10 oorywerige kerse dinamiet lê en wag om geen teleurstellings te veroorsaak nie.

Plan B was toe om klippe te kryp, de relatiewe beskerming van die klipkraal muur te verlaat, so paar tree nader te hol, en die varke met klippe te bestook, terwyl hulle redelik luidkeels voorstelle van alternatiewe skuur-opsies gil…

Te midde van die geesdriftige oproer, toe … toe loop die skoot.

10 Kerse industriële dinamiet – wat tonne rots kon verpoeier – gaan toe gelyk af.

Die effek was klaarblyklik min of meer as volg:

Die 300 pond varksog en 12 klein varkies is ‘n bitter klein paaimente meestal reg oor die huis. Bitter klein stukkies bacon is vir dae daarna nog teen die klipkraal, windpomp, waenhuis,  en oor die warm water donkie geruik en bespeur.

Die 25 meter hoë akkerboom het die grond verlaat. Laasgenoemde het blykbaar so 10 meter reguit die lug in gespring, tot stilstand gekom … toe die terug gekeer terra firma toe. Maar nie langs dieselfde roete nie. Die boom het die hele voorhuis en stoepkamer binne in sy kollektiewe moer geval, en het die helfte van die huis se dak saam gebring grond toe.

Casanova (aspirant) en die OOM het anderkant die klipkraal muur in besonders baie, maar vreeslike los, bok-en skaapmis te lande gekom.

Daar was nie ‘n enkele ruit heel in die ganse huis nie. Nie voor of agter nie. Almal was fyn en flenters, en die meeste deure, borde, koppies, pierings, glase en bottels ook.

Die vrouens wie in die kombuis doenig was om te bak, was van kop tot tone, en in elke denkbare liggaamsholte met meel bedek en bedien. Koekmeel is blykbaar vir dae daarna nog op die vreemdste plekke denkbaar opgemerk en ontdek.

Ouma, wie te tye van die insident in die sink kleinhuisie was, was die meeste verontwaardig.  Nie net het ‘n vlieëde, supersoniese kruiwa die meeste van die sink kleinhuisie op die buurplaas besorg nie, groot hoeveelhede, geskroeide houtsplinters moes tot haar akute verontwaardiging, en onder gillende protes later uit ‘unspeakable’ dele verwyder word. Klein stukkies baie, baie fyn toiletpapier het vir minstens nog ‘n halfuur na die insident oor die werf en kallerhok neergesif.

Twee honde, een kat, vyf ganse en ‘n aambeeld is later uit die hooimed langs die waenhuis gered.

Toe die alermintige stofwolk – wat Hiroshima soos ‘n grappie laat lyk het uiteindelik gaan lê het, en die ergste gesing in almal se ore begin bedaar het, het die gesin blykbaar in stille, verontwaardige, ongelowige verwondering na Cassanova (aspirant) gekyk.

Cassanova het op daardie stadium geen illusies meer gehad nie. Sy toekoms op hierdie plaaswerf was glas helder. Al wat hy blykbaar gesê het was:

‘Dan ry ek maar.’